# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 3:2022

### NUUSBRIEF VIR DIE SIRKELVRIENDE

# DIE KONSILIE VAN NICEA (325CE)



## LEES BINNE:


- 'N DOENLEWE
- MES: WINTERHOOP
- DANKBAARHEID
- GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL
- ATTIE VAN WYK PS
- BOEKGROEP
- MTB SKENKINGS
- NEO-SPEKTRUM DATUMS



Die **Eerste Konsilie van Nicea** was 'n vergadering van die Christelike kerk in die Romeinse Ryk wat in 325 n.C. gehou is in Nicea in Bitinië (nou İznik in Turkye).

Dit is byeengeroep deur die Romeinse keiser Konstantyn I. Die grootste prestasie van die konsilie was 'n besluit oor die Christologiese kwessies rakende:

- die natuur van die Seun en sy verhouding met die Vader,
- die opstelling van die eerste deel van die Geloofsbelydenis van Nicea,
- die datumberekening van die Paasfees en
- die afkondiging van die vroeë kanonieke reg.

*edward - redakteur*

*ed56chris@gmail.com*



## ‘N DOENLEWE

Sedert die vorige uitgawe het die bywoningsgetalle na die pandemie weer aansienlik begin groei!

Die gevolge van die pandemie, gebeure in Europa asook in Suid-Afrika kan ‘n mens soms ontstel; die sosiale media, berigte in koerante, TV-nuus dra natuurlik daartoe by. Ek het egter besluit om liewer te fokus op dit wat hier by my gebeur en dit waaraan ek iets kan doen.

Ek poog liewer om ‘n verskil in my sirkel te maak deur dinge te **DOEN.** Ek weet wanneer mens net sit, word jy oorval deur negatiewe gedagtes. Laat ek aanhaal uit die fliek: *Flight of the Phoenix*

*I think a man only needs one thing in life.*
*He just needs someone to love.*
*If you can’t give him that, then give him something to hope for*
*And if you can’t give him that, give him something to* ***DO.***

Laat dit ook ons leuse wees, want deur deel te neem aan die Winterhoop (sien hieronder) is elkeen van ons besig om die Neo-Spektrum-Sirkel uit te bou en sodoende vir die gemeenskap dinge te **DOEN.**

Sirkelvriende wat dinge **DOEN,** is Sirkelvriende wat omgee. Met omgee verskuif jy die fokus van jou eie lewe na ander. Om te dien, bring die beste in almal na vore. Daarmee verryk ons ook ons eie lewe asook dié van ander. Een van die wyses waarop jy omgee, is om dinge te **DOEN.**

# WINTERHOOP

**Neo-Spektrum werk al baie lank saam met MES om te help met die ondersteuning van hawelose mense. NS doen dit op verskeie wyses.**

**Vanjaar het NS weer soos voor Covid SAKKE UITGEDEEL waarin Sirkelvriende hulle OMGEEBYDRAES kon plaas. Annelize van der Linde en Johan Muller het hierdie projek hanteer. Dit het gedurende Junie 2022 plaasgevind. MES het ‘n lysie van produkte beskikbaar gestel sodat dit aangekoop kon word en in die sakke na die Kapel gebring kon word. Dit was inderdaad ‘n spanpoging tussen komiteelede en Sirkelvriende.**

# DANKBAARHEID



Met die dat Covid (weer) aan my deur kom klop het, voel dit of daar 'n maand verdamp het… 'n mens voel ingeloop, asof tyd 'verloor' is.

Natuurlik is dit alles in 'n mens se kop, want jou lyf weet dit het tyd nodig om te genees. Om uit-rat te wees en tot stilstand te kom, gee mens ook weer tyd om oor alles na te dink.

Die oorweldigende emosie is een van dankbaarheid. Dankbaar vir vriende en familie wat omgee, in siekte en gesondheid. Dankbaar vir die geneeskunde wat op verskeie maniere 'n aandeel het in ons gesondwordproses. Ek kry 'n nota van iemand wat sê, ***"Dankbaarheid is die hart se geheue"*** en die herinnering hiervan vul my met vreugde.

In dae van onsekerheid en verwarring, onthou ons weer om met ons voete op die grond te staan, en te voel hoe ons Lewe inasem en Liefde uitasem. Ons luister na die ritme van ons hart, en drink uit die fontein van 'n Krag wat in en deur ons vloei en nie *van* ons is nie.

In tye wat ons voor 'n keuse staan, neem ons 'n besluit met nugterheid en kalmte. Ons neem nie 'n permanente besluit in 'n tydelike storm nie. Ons vra vir leiding om dapper te beplan in wat ons ook al besluit. Ons deins nie terug van verantwoordelikheid vir ons keuses nie.

In die seisoen van winter waar ons hiberneer na die lang somer, is daar waardering vir die reën en ekstase oor die groen wat hierdie jaargety in die Kaap bring . Dit is asof selfs die natuur ons roep om vir 'n oomblik stil te word sodat ons kan sien hoe die druppels op blomme en op dorings val — op alles wat goed is, maar ook op dit wat minder lekker is.

So word ons oorrompel deur die gevoel van oorvloed. Onthou ons weer hoeveel seëninge, so milddadig, ons lewe verryk. Dan het elke gebed net een woord: "**DANKIE**!"

Alles wat mooi, alles wat goed, alles wat lief is vir hierdie Seisoen.

Soos altyd

**Terblanche**




# GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL






Die twee werkswinkels is goed bygewoon; dit toon dat daar 'n behoefte aan kursusse is; beide Saterdae was daar 25 kursusgangers.




**DAAR IS BESIN OOR**

**Letterkunde of Letterlike Geskiedenis**
**Mites word Rites word Religie**
**Kruisbestuiwing**
**Outeursvraagstukke**
**Geskiedskrywing / Wysheidsliteratuur / Profete**
**Histories Feitlik en Histories Metafories**
**Interpretasies van die Waarheid**





# ATTTIE VAN WYK PS

Neo-Spektrum het oor die afgelope tien jaar 'n hegte band met Attie van Wyk PS (AvW) op die Adderlypad buite Durbanville opgebou. Me. Loretta Loggenberg het as nuwe skoolhoof 'n ongelooglike bydrae gemaak om hierdie landelike skool uit te bou. Na haar bevordering na Fisantekraal PS het mnr. Albert Baatjies as Skoolhoof oorgeneem. Hy was voorheen skoolhoof van Blue Mountain PS. Ook hy lewer 'n wonderlike diens aan hierdie landelike gemeenskap.

Hy het die Quantum-bussie wat voorheen deur Blue Mountain PS gebruik is, vir AvW bekom. Dit bring mee dat die personeel nou die aktiwiteite by die skool kon uitbrei. Ekstra-kurrikulêre aktiwiteite is nou verpligtend vir alle leerders en mnr. Le Fleur bestuur hierdie wonderlike nuwe inistiatief wat deur die hele personeel ondersteun word. Met die Quantum bussie tot hulle beskikking, kan hulle nou leerders vervoer nadat die groot busse vertrek het. Hierdie aktiwiteite sluit rugby, netbal, landloop, brei, kuns en musiek in.

Die volgende toon hoe Neo-Spektrum betrokke is:

⇒ Salarisse aan mnr. Lewis, 'n leerkrag, me. Muller, 'n klashulp en mnr. Le Fleur (hierbo)

⇒ Beurse aan drie oud-leerders van AvW wat nou in matriek is by Fisantekraak HS

⇒ Nuwe beurse vanaf 2023 (besig met onderhoude)

⇒ Befonds verskillende projekte soos die gassilinders se staalhok, staalhekke voor die klaskamerdeure, die installasie van die skoolklok en die toegangskontrole van die skoolhek en opgradering van gedeeltes van die skoolterrein

Met die Sistemiese Evaluering van 2021 rakende Afrikaans in Graad 6 het AvW uitslag van 82% behaal terwyl die Wes-Kaap gemiddeld 39% is. Mnr. Lewis lewer ongelooflike werk as onderwyser. Mnr. Baatjies skryf in 'n brief aan Neo-Spektrum:

**Uittreksel uit mnr. Baatjies se brief aan NS:**

*Mr. Lewis currently is our most precious jewel. We are extremely proud of his efforts and those who supported him with their efforts in the previous grades. We do however believe that consistency is the keyword and look in anticipation for what he could possibly achieve this year.* ***Neo-Spektrum has made this possible. A big thank you to all the contributors in your organization.*** *We have now utilized him to teach Afrikaans as from grade 5 to grade 7…*


*…* ***Allow me to once more extend my appreciation to Neo-Spektrum for the mammoth effort to make the lives of our learners and staff so much easier*** *… We remain committed to offering a better education as far as possible with all the support we are receiving.*



# NEO-SPEKTRUM: JULIE—DESEMBER 2022

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**



## BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 1ste Maandag van 'n maand by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.
- Die programdatums:
  - ⇒ 2 Augustus
  - ⇒ 5 September
  - ⇒ 7 November




- **5 Aug:** MES Vrouedagete
- **21 Sept:** UK Vergadering
- **12 Nov:** Somerfees
- **27 Nov:** AJV

**November:** Somerhoopprojek vir Huis Jabes

## GOUE GESEGDE

**My piering is vol, want my koppie loop oor van dankbaarheid en geluk!!**

## Tygerberg Mountain Bike Club

'n Aanhaling vanuit hulle webblad: "MTB is the home of arguably the largest mountain bike club in the world."

Hulle is ook "groot" as dit by skenkings kom. Hulle het al by twee geleenthede fondse beskikbaar gestel aan Neo-Spektrum om aan te wend tot voordeel van die landelike primêre skole rondom Durbanville. Hierdie skole is:

- ⇒ Attie van Wyk
- ⇒ Kersboslaagte (vervang Blue Mountain - gesluit)
- ⇒ The Valley
- ⇒ Vissershok

Die **EERSTE SKENKING** is aangewend vir sportafrigting, sportklere, sporttoerusting en sportdae. Laasgenoemde is by die HS Durbanville aangebied waar sokker– en netbalspanne deelgeneem het. Hulle het ook lekker worsbroodjies en vars vrugte gekry.

Met die **TWEEDE SKENKING** het MTB die vereiste gestel dat hulle iets tasbaar wil sien. Daar word beplan om verbeterings aan die skoolterrein by die skole te verbeter asook om sporttoerusting aan te koop.

**DAAR IS GROOT DANKBAARHEID BY HIERDIE SKOLE!**

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com